KOEDOESKOP STENE
• Sementstene
• Kleistene
• Sement
• Sand & Klip
014 772 1332
082 565 9495
koedoeskopstene@telkomsa.net

Die Kwêvoël

Met e-Kwêvoël: http://www.kwevoel.co.za e-pos: kwevoel@kwevoel.co.za

30 September 2011
30 September 2011
Jaargang 29
Uitgegee en gedruk deur Pieter Coetzee
Handeldrywend as Moredou Drukkers 2 de Laan 17 Thabazimbi
Tel: (014) 7771621/2 Faks: 0865022199 Posbus 163 Thabazimbi
R6

Uit die Gemeenskap, vir die Gemeenskap - From the Communit

# R18 milj vir buffelbul

## Hoogste prys nog vir enige dier in Suid-Afrika



*Senatla, die buffelbul van Thaba Tholo, wat die rekord laat spat het vir die hoogste bedrag wat nog ooit in Suid-Afrika vir enige dier betaal is, het vir R18 miljoen onder die hamer gekom tydens hul jaarlikse wildveiling op Woensdag 21 September 2011.* *Sien berig op bladsy 2.*

# R18M vir buffel by Thaba Tholo veiling

**THABA THOLO - Die jaarlikse Thaba Tholo wildveiling het op Woensdag 21 September plaasgevind. Die hoogtepunt van die veiling was R18, 000,000 wat betaal is vir 'n buffelbul met die naam Senatla met 'n 50" horingspan wat gekoop is deur 'n sakeman van Johannesburg. Dit is die hoogste prys wat nog ooit in Suid-Afrika vir enige dier betaal is.**

Thaba Tholo staan onder die bekwame bestuur van mnr Rubin Els tesame met 'n uitstaande span onder hom soos Andrien White wat omsien na die wild in hokke, asook Dennis Stander, André Neethling, Piet Monyani, Johannes Manje asook kantoor dames soos Cheray en Annalien - 'n skitterende span arbeiders. Die plaas word besit deur 'n groep eienaars, bygestaan deur 'n direksie. Volgens Vleissentraal wat die veiling aangebied het, is dit werklik een van die model wildreservate in Suid-Afrika. Dit beslaan 'n oppervlakte van 34 000 hektaar.

Die reservaat is oor die land bekend vir wild wat reeds vir baie jare soos 'n regte stoet boerdery bedryf word. Dit het tot gevolg gehad dat 11 nuwe Suid-Afrikaanse rekords opgestel is as gevolg van die baie uitstaande diere wat aangebied is, wat vir stoetteling deur ander telers aangekoop is. Daar was ongeveer 800 mense teenwoordig. Van die kopers het opgedaag in Helikopters (20) en vastevlerk vliegtuie (6) het opgedaag om van die uitstaande diere te bekom. Thaba Tholo het 'n besondere diens aan die kopers gebied. Hulle dra die versekering van die diere tot en met 14 dae na hulle op hul bestemming aangekom het. Ook het hulle onderneem om vir die vervoer van die diere binne die grense van Suid-Afrika te betaal. Dit was 'n groot stimulus vir die veiling. Die omset van R 91,291,150 is ook 'n rekord omset in Suid-Afrika vir 'n wildveiling.

Nuwe rekords was as volg: Buffelbul teen R18 miljoen (vorige rekord R9 200 000), duiker teen R5600 (vorige rekord R4750), Kaapse eland koeie teen R16 500 (vorige rekord) R13 000, Kaapse elandbul teen R205 000 (vorige rekord R43 000), gemsbokkoei teen R10 000 (vorige rekord R9 000), njala bul teen R33 000 (vorige rekord R26 000), rooibok teelgroep teen R3600 (vorige rekord R3400), rooibokram teen R21 000 (vorige rekord R15 500), steenbok teen R8000 (vorige rekord R6000), Zambiese swartwitpenskoeie teen R925 000 (vorige rekord R825 000) en Matetsi swartwitpenskoeie teen R360 000 (vorige rekord R340 000).

Die pryse vir teelgroepe en vroulike diere op hok, was as volg: sewe basterhartbeeste teen 'n gemiddeld van R20 000, ses buffelkoeie en ses -kalwers teen 'n gemiddeld van R958 334, drie buffelkoeie teen 'n gemiddeld van R858 334, 21 buffelverse teen 'n gemiddeld van R602 381, vier grys duikers teen 'n gemiddeld van R5600, vyf + twee Kaapse elandkoeie teen 'n gemiddeld van R16 500, vyf + twee gemsbokke teen 'n gemiddeld van R10 000, 31 + 1 njalas teen 'n gemiddeld van R6910, ses rooibok-teelgroep teen 'n gemiddeld van R3600, 10 steenbokke teen 'n gemiddeld van R7900, ses Matetsi swartwitpenskoeie teen 'n gemiddeld van R281 667, 13 Matetsi swartwitpensverse teen 'n gemiddeld van R283 847, 4+2 Matetsi swartwitpenskoeie en kalwers teen 'n gemiddeld van R365000, ses Zambiese swartwitpenskoeie teen 'n gemiddeld van R775000, 18 Zambiese swartwitpensverse teen 'n gemiddeld van R589723 en vyf waterbokkoeie teen 'n gemiddeld van R6400.

Bulle en ramme op hok het die volgende pryse behaal: 15 volwasse buffels teen 'n gemiddeld van R1 456 667, sewe jong buffels teen 'n gemiddeld van R182 143, een volwasse Kaapse eland teen R205 000, vier volwasse gemsbokke teen 'n gemiddeld van R6800, 14 njalas teen 'n gemiddeld van R12 340, vier volwasse rooibokke teen 'n gemiddeld van R17 000, twee swart rooibokke teen 'n gemiddeld van R177 500, een volwasse Matetsi swartwitpens teen R800000, 17 jong Matetsi swartwitpense teen 'n gemiddeld van R46 324, 23 volwasse Zambiese swartwitpense teen 'n gemiddeld van R607 609, 24 jong Zambiese swartwitpense teen 'n gemiddeld van R186 042 en een volwasse waterbok teen R28 000. Die totale omset vir diere op hok was R87 090 150.

Die diere per katalogus het die volgende pryse behaal: een buffelbul teen R3 000 000, ses kameelperde teen 'n gemiddeld van R23 167, een kameelperdbul teen R22 000, vier witrenoster teelgroep teen 'n gemiddeld van R187 500 en twee volwasse witrenosterbulle teen 'n gemiddeld van R145 000. Die totale omset vir katalogusdiere was R4 201 000. Die totale omset vir die veiling het te staan gekom op R91 291 150.Willie Roux en Brandon Leer was die afslaers.